

# Die geheim tot gesinseenheid




---

## SABBATMIDDAG

### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 33:12-14, Rut 1:16-18, Johannes 17:21-26, Galasiërs. 3:28, Efesiërs 2:11-22 en 5:21-6:9.

### Geheeteks:

“Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het” (*Joh. 17:21, NAB*).

**D**ie gesinslewe word nie deur almal op dieselfde wyse ervaar nie, aangesien elke lid hom- of haarself in ’n bepaalde lewensfase bevind. Elke nuwe kind bring aangrypende veranderinge in die ma en pa se lewens mee, veranderinge met lewenslange gevolge. Vir hul kroos is dit ook ’n reuse oorgang. Eers het die kind nie bestaan nie, maar nou bestaan hy of sy. Boonop gaan seuns en dogters deur die onderskeie lewensfasies totdat hulle die huis verlaat, en inderdaad later ook (wel in die meeste gevalle) hul eie kinders kry.

Tog spook almal in die gesin – van die ouer tot die kind – met dieselfde probleem: Ons sondige natuur, en dit is daardie neigings wat die handhawing van gesinseenheid – dikwels tot die uiterste – beproef. Aan die kruis het Jesus deur sy liggaamlike soendood God en mens, en ook mens en medemens, met mekaar versoen (*Ef. 2:13-16, Kol. 1:21-23*). Tog moet die gelowige daardie gawe op ’n daaglikse en praktiese wyse sy of haar eie maak. Vir diegene wat gesinseenheid gelowig nastreef, is dit die enigste manier om daardie ideaal te verwesenlik. Dit is iets wat die Christen elke dag eerstehands moet beleef. Gelukkig is dit danksy Gods genade wel binne ons bereik.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 Mei.*

## Christus die Middelpunt

**Volgens Paulus heers daar in Christus 'n nuwe eenheid tussen gelowiges, ten spyte van hul ooglopende verskille. Waarmee illustreer hy daardie punt? Hoe het Christus dit reggekry om eenheid te midde van verdeeldheid te skep? Ef. 2:11-22; lees ook Gal. 3:28.**

---

Die kruis verwyder die skeidsmuur tussen mens en medemens. In die destydse Joodse tempel is aanbidders van mekaar geskei – mans van vroue, en Jode van nie-Jode. Let op Paulus se woordkeuse in sy beskrywing van die eenheid wat Christus tussen Jood en nie-Jood gebring het. Duidelik kan dit ook na ander soorte skeidsmuur deurgetrek word; dié wat met nasie, stam, klas en geslag te make het. Die Bybel sê: “Deur vrede te maak, kon Hy die twee in Homself tot een nuwe mens skep” (*Ef. 2:15, OAB; woordorde effens aangepas*). Dit is sulke goeie nuus vir getroudes paartjies, en beteken dat “eenheid deur eenwording” wel binne die huweliksband moontlik is. Wat meer is, dat gebroke gesinne ook versoening kan ervaar as hulle gelowig tot Christus gaan.

**Dit is so maklik om teksverse oor eenheid in Christus aan te haal. Die daaglikse uitleef daarvan is egter heelwat moeiliker. Watter konkrete verandering bring Christus in ons daaglikse handel en wandel wat ons in staat stel om daardie beloofde eenwording en een-wees te ervaar? Lees o.a. Rom. 6:4-7, 2 Kor. 5:17 en Ef. 4:24-32.**

---



---

“Dink aan 'n groot sirkel, met al die lyne wat vanaf die rante na die middel loop. Hoe nader hulle aan die middelpunt kom, hoe nader aan mekaar sal hulle wees... “Hoe nader 'n mens aan Christus kom, hoe nader sal jy aan ander wees” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 179). “Tussen pa en seun, man en vrou... is Christus die Middelaar, of hulle dit nou so insien al dan nie. Sonder Hom kan ons nie direkte kontak tussen ons en ander bewerkstellig nie. Ons doen dit deur sy Woord en deur Hom te volg” (Dietrich Bonhoeffer, *The Cost of Discipleship* [New York: The MacMillan Publishing Company, 1979], bl. 108).

**Hoe na-aan die Middelpunt van die sirkel is jou huismense of die mense in jul kerkgesin? Wat moet eers wegval voordat die mensverhoudinge binne daardie eenhede in God se oë reg kan wees?**

## Eenwording deur Sy liefde

“En mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is” (1 Tess. 3:12, OAB).

**In Jesus se beroemde gebed in Johannes 17 sê Hy aan die Vader: “En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is” (Joh. 17:22; OAB, klem verskaf). Maak nou ’n kort opsomminkie van die boodskap wat Jesus hier probeer tuisbring. Fokus veral op die rol wat liefde in daardie eenwording en volgehoue een-wees speel.**

Eenheid onder sy volgelinge is Jesus se groot begeerte in hierdie gebed. Agápē-liefde moet eerstehands beleef word, en is iets waarsonder eenheid nie moontlik is nie. Agápē is Koinegrieks en dui hier, en ook op baie ander plekke in die Nuwe, op die liefde van God. Dié soort liefde is ten diepste ’n tentoonstelling van die aard en wese van God (1 Joh. 4:8), en dit is die eienskap waaraan Jesus se volgelinge uitgeken word (Joh. 13:35). Die liefde van God kom egter nie van nature vir die sondige mens nie. Daardie saadjie word slegs geplant as Jesus deur die Heilige Gees in ons binnenste woon (Rom. 5:5; 8:9, 11). Jesus sê: “Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het” (Joh. 15:12, OAB). Die persoon wat die Meester hier aanhaal, is Johannes. Tog was dié dissipel eens op ’n tyd ’n onaangename mens, ’n trotsaard en ’n heethoof, en ook foutvinderig (Mark. 3:17; Luk. 9:54, 55; lees ook die boek *The Desire of Ages*, bl. 295). Later van jare dink hy terug aan sy lelike gedrag en hoe die Meester hom voortdurend met die grootste liefde behandel het. Die liefde van Jesus het stadig maar seker ’n verandering in Johannes teweeggebring. So kon hy dan later, deur die eenheid wat Christus bring, ook sy medegelowiges leer liefkry. Let op Johannes se woorde: “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het” (1 Joh. 4:19, NKJV), en dan voeg hy by: “As God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê” (vers 11, OAB).

**Lees 1 Korintiërs 13:4-8. Vervang telkens die sinsnede “die liefde” met jou eie naam. Pas jou naam orals in? Vra nou vir Jesus om die saadjies van hierdie liefdeseienskappe deur sy Gees in jou binnenste te plant. Miskien sal die Gees jou vra om jou lewe in bepaalde opsigte te verander, ten einde hierdie verhewe ideale te verwesentlik. Noem ’n paar sulke veranderings.**

## Selfsug: die groot gesinsverwoester

“As gelowiges tog net [al die] trots en selfsug wil laat vaar, sal die meeste probleme binne vyf minute opgelos word” (Ellen G. White, *Early Writings*, bl. 119). Sonde het die mensdom bederwe. Die grootste vervloeking en beste voorbeeld hiervan is selfsug. Dit is as’t ware ’n aangebore ding. ’n Mens sien dit by klein kindertjies, wat basies hul eie begeertes bevredig wil hê. “Ek, my en myne” – dit is die refrein wat ’n mens voortdurend moet aanhoor. Selfsug manifesteer sigself op allerhande verskriklike maniere, veral op tuisfront, en veral wanneer die kind op die rantjie van volwassenheid staan.

Natuurlik is dit die dinge wat Jesus gekom het om te verander (*Ef. 4:24*). In die Bybel belowe Hy dat ons deur Hom die allesoorheersende mag van hierdie afbrekende karaktereenskap kan verbreek. Jesus se ganse lewe is dan ook die toonbeeld van onselfsugtigheid. Die mate waartoe ons daardie volmaakte voorbeeld nastreef (*1 Joh. 2:6*), bepaal egter of ons wel die neiging tot ’n ek-gerigte lewe sal oorwin.

**Slaan die volgende twee skrifgedeeltes na. Wat het dit oor die lei van ’n selfsugtige lewe te sê?**

Fil. 2:3-5 \_\_\_\_\_

1 Joh. 3:16-18 \_\_\_\_\_

Dit is soos Ellen G. White tereg gesê het: As ons net ’n slag van die trots en selfsug wil vergeet, kan die meeste van ons probleme sommer gou-gou opgelos word; lank voordat dit aan die betrokke partye begin knaag en uiteindelik in ’n narigheid ontaard. Elke gesinlid, veral die ma en pa, moet aan die voet van die kruis van hierdie sonde geloog word (*Spr. 16:6*) – die kruis is immers die absolute toonbeeld van onselfsugtigheid – selfs al beteken dit dat ’n mens voortdurend daarna terugkeer, dat jy jou in trane, en biddend en gelowig, voor die kruis moet neerwerp.

**Hoeveel tyd bring jy aan die voet van die kruis deur ten einde die manifestering van selfsug in jou eie lewe te beveg? Lees Matteus 7:16. Hoe wys hierdie teksters ’n mens of jy wel genoeg tyd daar deurgebring het?**

## Wedersydse onderdanigheid

**Watter raad gee Paulus oor nederigheid en diens in mensverhoudinge? Ef. 5:21. Hoe dink jy kan hierdie houding eenheid in die kerk help bewerkstellig? Hoekom is dit so belangrik op tuisfront? Ef. 5:22 tot 6:9.**

Die sinsnede “aan mekaar onderdanig wees” (*Ef. 5:21, OAB*) beteken dat die een hom- of haarself vrywilliglik voor die ander verootmoedig. Hierdie unieke beginsel het by Christus begin (*Matt. 20:26-28; Joh. 13:4, 5; Fil. 2:5-8*) en is kenmerkend van elkeen wat ’n Geesgevolle lewe lei (*Ef. 5:18*). Die rede daarvoor en die gees waarin dit gedoen word – “soos aan die Here” – is wat gelowiges tot hierdie wedersydse onderwerping aanspoor (*Ef. 5:21, OAB*). Selfopoffering wat in wederkerigheid geskied, is deel van die Christelike leer. Van meet af was dit ’n revolusionêre benadering tot maatskaplike en sosiale bande, en dit is steeds revolusionêr. Dit is dan ook waar eenheid in Christus – as wesentlike beginsel van die geestelike lewe, sonder enige uitsonderings – gestalte vind.

’n Tuisbeginsel. Die huisgesin is waar die gelowige se Bybelse onderdanigheid op die proef gestel word. As dit op tuisfront werk, sal dit beslis ’n dramatiese verskil in die kerkgesin maak. Nadat Paulus die onderdanigheidsbeginsel bekend stel, ondersoek hy dan ook die praktiese toepassing daarvan in gesinsverband.

In elke mensverhouding is daar twee partye [in party is die magsverhouding gelyk, in ander nie]. Drie sulke verhoudingspare – wat eintlik die algemeenste dog ongelykste soort in die samelewing is – word in Efesiërs 5:22 tot 6:9 aangeroe. Hiermee probeer Paulus nie die bestaande maatskaplike orde van sy tyd goedpraat nie. Inteendeel, hy probeer wys hoe die geloofskultuur van Christus werk wanneer daar ’n gees van gewillige onderdanigheid onder gelowiges heers, ’n benadering wat radikaal van die tydsees verskil het.

**In die destydse samelewing was vroue, kinders en slawe dikwels die partye met die minste mag. Hoekom begin Paulus dan by hulle? Identifiseer telkens die deurslaggewende sinsnede wat met elkeen van dié misgekykte partye se onderdanigheid te make het.**

Ef. 5:22	Ef. 6:1	Ef. 6:5

In Paulus se aanspreek-orde kry diegene met meer maatskaplike mag – te wete mans, ouers en eienaars/ meesters – telkens tweede plek. Elkeen van dié partye word boonop aangesê om deur hul optrede die destydse populêre sienings te verontagsaam. Hierdie voorskrifte het seker die eerste-euse gelowiges stomgeslaan. So is die speelvlak dus aan die voet van die kruis gelykemaak. Dit het ook die weg gebaan vir ware eenheid, as ’n eerstehandse belewenis op verhoudingsvlak.

## Die uitleef van die liefdesbelofte

Op die keper beskou, berus gesinseenheid en -samehang op gesinslede wat hulle daartoe verbind. Dit begin by die man en vrou se wedersydse verbintenis, om vir mekaar te sorg. Ongelukkig is die Bybelgeskiedenis besaaid van beloftes wat verbreek is, vertrouwe wat geskaad is en toewyding wat in die wind geslaan is. Oral waar hierdie dinge nodig was, is dit uitgelaat. Tog is daar ook roerende voorbeelde van doodgewone mense wat hulle tot huismense, familie en vriende verbind het, en met die hulp van God daardie beloftes nagekom het.

**Kyk na die volgende gesinne en hul vlakke van toewyding. Hoe kon party van dié gesinne gemaak het om meer toegewyd te wees? Wat was die dryfveer by diegene wat wel daarin geslaag het om toegewyd te wees?**

Ouer-tot-kind-toewyding (*Gen. 33:12-14, Eks. 2:1-10*).

---

Onderlinge toewyding tussen broers en susters (*Gen. 37:17-28*).

---

Toewyding tot die gesin (*Rut. 1:16-18; 2:11, 12, 20; 3:9-13 en 4:10, 13*).

---

Toewyding tot die huwelik (*Hos. 1:2, 3, 6, 8 en 3:1-3*).

---

Wanneer 'n mens jousef tot 'n ander verbind – soos om te trou of die besluit om 'n kind te hê of aan te neem – moet beide partye bereid wees om opofferings te maak. Ter wille van die gekose verbintenis stuur elkeen sy en haar toekoms in 'n bepaalde rigting. So gee 'n mens dan ook beheer van 'n belangrike deel van jou lewe prys. Hoewel landswette verkeerde gedrag in toom kan hou, verg die huweliks- en gesinsband 'n ander belangrike element ten einde te gedy: Die liefde.

**Jesus is ook toegewyd aan die gelowige (*Heb. 13:5*). Wat dink jy van dié vriendskapsbelofte, hierdie verbintenis tot jou en my? Watter uitwerking het dit op óns toewyding aan Hóm; insluitende dié aan ons lewensmaat, ons kinders, asook ons medegelowiges?**

## Vir verdere studie:

Ellen G. White-geskrifte – “A Sacred Circle” (bl. 177-180) in *The Adventist Home*, en *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 236-238. Eenheid – ons nommer-een taak. “Christene se grootste taak is die koestering van gesinseenheid... “Hoe nouer die samewerking op tuisfront, hoe groter uitwerking het die pa en die ma, en die seuns en die dogters, ter opheffing en bystaan van die mensdom daarbuite” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 37). Die geheim tot gesinseenheid. “– Vanwaar dié stryd en verdeeldheid tussen kerk- en huismense? Skeiding tussen ons en Christus, dit is die oorsaak. Om nader aan Jesus te kom, is om nader aan mekaar te kom. Die geheim tot ware eenheid in die huis- en kerkgesin is nie die inspan van takt of hanteringstrategieë of bomenslike pogings tot geskilbeslegting nie, hoewel hope hiervan benodig word. Eenheid in en deur Christus – dít is waaraan ons behoefte het” (bl. 179).

## Vrae vir bespreking:

1. Bespreek nou die samelewingsinvloede wat eenheid in die hedendaagse gesin ondermyn. Watter praktiese oplossings het jy vir gesinne wat onder hierdie invloede gebuk gaan?
2. Is daar 'n gesin in julle gemeente wat op die rantjie van gebrokenheid is? Indien wel, is die vraag net: Wat kan die klas nou doen om elke lid van daardie gesin deur hierdie krisis te help?
3. Bespreek die onderdanigheidskwessie. Hoe behoort 'n mens dit binne 'n Christelike raamwerk te verstaan? Op watter maniere is hierdie beginsel al ten kwade uitgebuit?
4. Watter beginsels m.b.t. gesinseenheid kan ook deurgevoer word na die kerk en haar strewe om eenheid?